Steward se tog om wêreld voltooi

Korrespondent

KAAPSTAD. – Anthony Steward, die seiljagvaarder wat in twee jaar siel-alleen in 'n oop seiljag van skaars 5,8 m, die NCS Challenger, rondom die wêreld gevaar het, het eergister te midde van groot belangstelling in Kaapstad aangekom.

Mnr. Steward (29) het op 18 Februarie 1991 uit Kaapstad vertrek. Hoewel hy altesame net 260 dae op see deurgebring het, het dit hom byna 25 maande gekos om die tog van 26 000 seemyl te voltooi. Verskeie terugslae, waaronder orkane aan die kus van Australië en 'n stranding op die Serf-eiland in die Seychelle het sy poging in die wiele gery.

Duisende toeskouers en sowat 30 bote het 'n emosionele mnr. Steward verwelkom toe hy eergister omstreeks 1 nm. in die Waterfront vasgemeer het.

Volgens mnr. Steward se vrou, Sue (25), 'n skakelbeampte by 'n winkelsentrum in Port Elizabeth, is sy ook bly die vaart is uiteindelik verby.

• Die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, het mnr. Steward in 'n brief namens alle Suid-Afrikaners gelukgewens.

ANTHONY STEWARD en sy vrou, Sue, in Kaapstad se hawe voor die NCS Challenger, waarmee Steward vir hom 'n plek in die Guinness Book of Records oopgeseil het.

OOSTERLIG
15/3/93